

**14 Oktober**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 2 1-12 (oAV)**  
**Fokusgedeelte: 2 Konings 2:12**

### **Die eenmansleer**

Strydwaens en ruiters het in daardie tyd die belangrikste deel van die weermag gevorm. Nou word Elia deur Elisa as die strydwa en ruiters van Israel beskryf. ‘n Beeld wat Elia as Israel se weermag teen afgodery beskryf – ‘n ware eenmansleer! Elia staan alleen teenoor Agab en Isébel, die afgodsaanbidders. Hy staan alleen voor die verblindende afgodsweelde en sedelose uitspattighede onder aansporing van Isébel. Elia was ‘n eenmansleer dwarsdeur sy hele profeties optrede, maar veral toe hy op Karmel alleen voor ‘n oormag profete van Baäl en Asjera moes staan (1 Kon 18).

As Christengelowige is u ook ‘n profeet in die amp van die gelowige, of in die besondere amp as diaken, ouderling of predikant. Alle Christengelowiges moet strydwaens en ruiters wees teen alle uitwasse en sondepraktyke van ons tyd – ook teen die gelykstelling van die Drie-enige God met Allah, Vishnoe, Budha en dergelike gode.

Ons Here Jesus Christus was ook ‘n eenmansleer – alleen in die stryd teen die Satan en sy bose magte. Hy was alleen in die versengende vuur van God se toorn op Golgota en alleen as Hy uitroep: “My God my God waarom het U my verlaat?” Ons moet die Vader dank vir hierdie eenmansleer, Jesus Christus, want deur Hom het ons verlossing werklikheid geword en is die ewige heerlikheid uit genade aan ons geskenk.

*Sing: Psalm 81:10*

*Ds PA Smit (Emeritus)*